

Woensdag 25 Julie

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-16;
Eksodus 20:15

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:11, 12;
Heidelbergse Kategismus 42:111

Die beste manier om die belange van my naaste te bevorder, is om Jesus te bedien!

'n Baie belangrike en mooi belydenis wat spruit uit die waarheid van God in die agtste gebod, is: *Ek moet die belange van my naaste bevorder!*

Ons kan 'n groot verskeidenheid dinge opnoem om die belange van jou naaste te bevorder wanneer ons slegs op 'n aardse manier daarna kyk. Die aardse belange van mense is wel baie belangrik om na om te sien en te bevorder, maar die belangrikste is om ko-ninkryksgerig na hierdie bevel en belydenis te kyk.

Dit is om die gawes wat God my gegee het, en daarmee saam die verantwoordelikheid om die evangelie te dra, aan die mense rondom my en dié wat ek kan bereik, te bedien. Die grootste en belangrikste manier van bevordering van my naaste se belange is daarom die bediening van die evangelie van verlossing van Jesus Christus ons Here.

Die Here leer baie duidelik in ons teksgedeelte dat die doel van die gawes wat Hy aan jou toevertrou, is om die liggaam wat die kerk van Jesus voorstel, daarmee op te bou. Die kerk is in wese almal wat waarlik in Jesus Christus glo en sy Naam bely en wat saam uit-gaan om Christus aan die wêreld te bedien.

Wanneer jy dan die gawes wat die Here aan jou toevertrou, uitleef en bedien aan die mense rondom jou en hulle daarmee deur die genade van die Here en werking van die Gees in hulle geloof versterk word, dan bevorder jy werklik en diepsinnig die belange van jou naaste.

Sing: Psalm 145-1:1

Ds. RJ (Rynhardt) Pretorius (Buffeldoorns)